# Jona en die "walvis"

## Fabel of feit?

Die boeiende verhaal van Jona en die "walvis" is een van die bekendste walvisstories van alle tye. Ons lees in die Bybel hoe Jona opdrag van God ontvang het om na die Assiriese stad Nineve te gaan om te preek en die inwoners te versoek om hulle van hul sondes te bekeer. Jona het egter teen die Here gerebelleer en het aan boord van ʼn skip gegaan wat onderweg was na Tarsis, destyds die mees afgeleë Fenisiese buitepos. Die Here het ʼn hewige storm gestuur sodat die skip en sy bemanning gevaar geloop het om te vergaan. Lootjies is deur die bemanning getrek om te bepaal wie vir hierdie teenspoed verantwoordelik was. Die lot het op Jona geval en op sy aandrang is hy in die see gewerp. Die storm het onmiddellik daarna bedaar. Die Here het ʼn "groot vis", wat net so wel ʼn walvis kon gewees het, gestuur om Jona in te sluk. Na drie dae en drie nagte in die maag van die "walvis" is Jona op droë grond uitgespoeg. Na hierdie gebeurtenis het Jona gehoor gegee aan die Here se opdrag en na Nineve gereis om ʼn boodskap van bekering te preek. Die hele bevolking het hulle van hul sondes bekeer en afstand van hul verkeerde weë gedoen.

Vir baie mense is die verhaal van Jona en die "walvis" ʼn steen des aanstoots. Hoe kan daar van ons verwag word om te glo dat iemand drie dae en drie nagte lank in die maag van ʼn "walvis" kon oorleef? Ons kan egter die verhaal van Jona en die "walvis" as geskiedkundig waar aanvaar as ons in gedagte hou dat God ʼn God van wonderwerke is en dat Hy tot enigiets in staat is – ook om iemand vir drie dae en drie nagte in die maag van ʼn "walvis" aan die lewe te hou, of selfs om iemand uit die dood op te wek, soos in die geval van Lasarus (Johannes 11:1-44) en moontlik ook Jona. Volgens David Pawson se vertolking van Jona 2 het Jona inderwaarheid verdrink voordat hy deur die "walvis" ingesluk is en is hy deur God opgewek nadat die "walvis" hom op droë grond uitgespoeg het.[1] Behalwe vir die feit dat Jona vir drie dae en drie nagte in die maag van die "walvis" vertoef het, dood of lewendig, lees ons van verskeie ander wonderwerke in die verhaal van Jona wat in aanmerking geneem moet word, onder meer natuurverskynsels wat deur God gebruik is om Sy doel te bereik. Hierdie wonderwerke was:

- "Maar die Here het 'n kwaai storm oor die see laat opkom. Daar was 'n baie sterk wind op die see ..." (Jona 1:4).
- "Toe stuur die Here 'n groot vis om vir Jona in te sluk ..." (Jona 1:17).
- "Toe beveel die Here die vis, en hy het vir Jona op die vasteland uitgespoeg" (Jona 2:10).
- "Die mense van Nineve het toe in God geglo en hulle het 'n dag aangekondig om te vas. Groot en klein het rouklere aangetrek" (Jona 3:5).



[1] Pawson, pp. 449-450

- “Toe laat die Here God 'n komkommerplant opkom, en dit het bo-oor Jona gerank om skaduwee te gee vir sy kop ...” (Jona 4:6).

- Die volgende môre met dagbreek laat God toe 'n wurm kom, en dit het aan die komkommerplant gevreet, sodat dit verdroog het.” Jona 4:7)


- “Toe die son opkom, het God 'n skroeiende sterk wind uit die ooste laat waai” (Jona 4:8).

Vir dié wat twyfel, bied die geval van die seeman wat oorboord ’n vissersboot in die Engelse Kanaal geval en deur ’n reusagtige walvishaai ingesluk is ’n meer “wetenskaplike” verklaring van Jona se oorlewing in die maag van die “walvis”. Ten einde aan die seeman ’n Christelike begrafnis te kon gee, is die walvishaai deur die vissersvloot gejag en 48 uur na die voorval gedood. Toe die walvishaai oopgesny is, is die seeman bewusteloos maar lewendig aangetref. Hy is na ’n hospitaal gehaas waar ’n dokter verklaar het dat hy slegs aan skok gely het.[2] Aangesien die Hebreërs van die ou tyd ’n gedeelte van ’n dag as ’n hele dag gereken het, kon die “drie dae en drie nagte” wat Jona in die maag van die ”walvis” vertoef het so kort as 38 uur gewees het, wat die moontlikheid dat hy wel binne-in die “walvis” kon oorleef het nog verder verhoog.[3]

**Matthéüs 12:38-41**
**(1983 Vertaling)**

Party van die skrifgeleerdes en die Fariseërs sê toe vir Hom: “Meneer, ons wil 'n wonderteken van u sien.” Maar Hy antwoord hulle: “'n Slegte en afvallige geslag vra 'n teken, en geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van 'n groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte binne-in die aarde wees. Die mense van Nineve sal op die oordeelsdag saam met die mense van vandag opstaan en teen hulle getuig. Hulle het hulle immers op die prediking van Jona bekeer. En hier staan Een wat groter is as Jona!”

Behalwe vir die feit dat die verhaal van Jona en die “walvis” as histories waar gesien moet word, is daar ’n nog groter waarheid wat oorweeg moet word: Net soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van die ”walvis” vertoef het, het Jesus Christus drie dae en drie nagte in die “hart” van die aarde vertoef nadat Hy aan ’n kruis buite Jerusalem vir jou en my gesterf het. Daarna is Hy opgewek om oor sonde en die dood te triomfeer sodat ons met die Vader versoen kan word en die ewige lewe kan ontvang as ons in hierdie daad van liefde glo en dit vir onsself toe-eien. Elke individu wat hierdie stap neem, word geestelik weer gebore en ontvang die Heilige Gees as ’n inwonende gas. Die Heilige Gees bemagtig elke gelowige om geestelik te groei deur die oorwinning oor sonde te behaal. Slegs Christus was waardig om die straf vir ons sondes wat deur die heiligheid van God vereis word te betaal. Daar is geen regverdige daad wat ons kan doen ten einde redding en vergifnis van sondes te ontvang nie. Ons kan selfs nie eens die geringste bydrae in dié verband maak nie. Ons moet na Christus kom met leë hande, want vergifnis kan slegs deur genade en geloof ontvang word. Ons het nie hier met blote fiksie te doen nie, maar met ’n lewensveranderende waarheid wat sal bepaal waar jy die ewigheid sal deurbring.



[2] Grigg (Aanlyn).
[3] Grigg (Aanlyn).

## Die weg na verlossing

- **Erken** teenoor jouself dat jy 'n sondaar is en dus skuldig is voor God (Romeine 3:23).
- Kom tot **inkeer** en toon 'n diepe **berou** oor jou sonde (Lukas 13:3; Handelinge 3:19).
- **Bely** en erken jou sondes voor God en teenoor almal wat jy onreg aangedoen het (1 Johannes 1:9).
- **Verwerp** jou sondes. Sê aan God dat jy bereid is om jou sondige lewe prys te gee (Jesaja 55:7).
- **Glo** dat Christus vir jou sondes gesterf het (Johannes 3:16; Markus 16:16).
- **Ontvang** hierdie gratis geskenk van saligmaking van God, neem dit aan en maak dit jou eie (Johannes 1:11-12).



## Vir meer inligting:

martynbeets@telkomsa.net

pfjordaan@vodamail.co.za

## Aanvullende leeswerk

Grigg, Russell (Aanlyn). 'Jonah and the great fish' http://creation.com/jonah-and-the-great-fish (Toegangsdatum: 17 July 2013)

Pawson, J. David (2007). **Unlocking the Bible, pp. 444-455.** London: Collins.